MENLO PARK AMATEUR STOEI / WRESTLING

AMATEURSTOEI is een van die snelgroeiendste sportsoorte in Suid Afrika en is een van die oudste Olimpiese sportsoorte wat dateur uit die vroeë Griekse tydperk.

Amateurstoei is 'n buitengewone Skoon kontaksport met onbuigsame reels, wat die veiligheid van die deelnemers verseker en enige vorm van vuilspel, brutaliteit of grepe wat beserings kan veroorsaak, verbied.

In die VSA en Europa is Amateurstoei een van die gewildste skool sportsoorte. Amateurstoei in SA is seker die sportsoort wat die grootste bydrae lewer in die Ouer - Kind Verhouding en waarby die hele Familie betrokke kan wees. Dit is 'n veeleisende sportsoort wat Stamina, Uithouvermoë, Durf, Moed, Fiksheid, Konsentrasie en Deursettingsvermoë vereis.

Een van die min sporte wat kinders volledig ontwikkel vanaf brein tot kleintoontjie!!

Amateurstoei is 'n Jaloerse sport. Dit vereis honderd persent toewyding en ywerigheid. Die stoeiers besef almal dat rook, drank en dwelms hul grootste vyand is. Die stoeiers word geleer om die welsyn van ander in ag te neem. Beserings is minimal en seldsaam.

Amateurstoei kan vergelyk word met skaak. Elke greep het 'n teengreep, die stoeier moet voortdurend aktief antisipeer wat sy teenstaander gaan doen, en hy moet vroegtydig beplan hoe hy gaan aanval of hoe hy 'n teenaanval gaan afweer. Uit die aard het elke teenstaander ook 'n ander styl en moet hy verskillend benader en verdedig word.

Die verloorder oefen en beplan vir dae en weke aaneen, om 'n nederlaag te wreek. Die herontmoeting vind dan met baie groot tegniese vaardigheid en wetenskaplike aanwending van grepe en teengrepe plaas.

Indien 'n stoeier daarin slaag om 'n wedstryd te wen, moet hy aanhoudend oefen en beplan om die wenner te bly. **Stoei verg selfdissipline.** Die kwaliteit werk ook deur na ander lewensterreine en alle stoeiers sal getuig hoedat hulle akademiese prestasies asook hul ander sporte verbeter het sedert hulle begin het om Amateurstoei te beoefen.

Dit is 'n feit!-Amateur Stoeiers staan uit in alle verwante sporte soos Rugby, Hokkie, Atletiek, Krieket, Gimnastiek, Swem, Tennis en word deur baie afrigters aanbeveel as 'n uitstekende af-Seisoen sport. Stoei ontwikkel elke spier in jou liggaam!

Stoeiers word uitgeken op elke lewens terrein. Opvallende kwaliteite is, bedagsaamheid, vriendelikheid, lojaliteit pligsgetrouheid, betroubaarheid, opregtheid, beskeidenheid en hulpvaardigheid. Hierdie eienskappe word ontwikkel in sy stoeiloopbaan en dit maak hom/haar deel van die roem van die jongmense van die land.

Maak die regte besluit vir u kind, laat hy/sy deelneem aan Amateur Stoei.

Kom gee stoei 'n kans, wat het u om te verloor? Gee jou kind die kans om 'n beter en fikser persoon te word.

Ons daag u uit!! – Die resultate is ongelooflik – Jy sal 'n heel nuwe kind ervaar.